# EKURHULENI NORTH

November 2015
Graad 04
Afrikaans EAT

**Afdeling A: Leesbegrip**

**Lees en Kyk:** Lees die volgende koerantberig en beantwoord dan die vrae wat volg.



## Kleuter alleen in donker bos

### Met "haai, Oom, kom hier" eindig alles

Van: Louise Laubscher

1. BOSHOEK – "Haai, Oom, kom hier," het 'n driejarige seuntjie gisteroggend na 'n polisieman geroep waar hy kaalvoet onder 'n boom gesit het. Hy was sowat vyftien uur lank weg. Dertig polisiemanne, sy ouers en mense van Boshoek het deur die nag na hom gesoek.

2. Klein Jacques Strydom (3) het Saterdagmiddag om vyfuur verdwyn. Hy het net 'n rooi T-hempie, bruin broekie en sy tekkies aangehad toe hy verdwyn het.

3. Jacques is gisteroggend om halfnege onder 'n boom sowat vier kilometer van sy ouerhuis af gekry. Toe hulle hom gekry het, was hy vuil en honger. Hy het gelukkig niks oorgekom nie.

4. Jacques – wat verlede Woensdag drie jaar oud geword het – het gister gesê hy was net 'n bietjie bang. (Verwerk)

**Omkring die korrekte antwoord.**

**1.1 Wat is die titel van die koerantberig?** (1)

a. Kleuter alleen in donker bos.
b. Kleuter gevind by 'n boom.
c. Kleuter verdwaal.
d. Kleuter was vermis vir vyftien ure**.**

**1.2 Waar het die gebeure plaasgevind?** (1)

a. Kempton Park
b. Boshoek
c. Greenstone Hill
d. Tembisa

**1.3 Wie het almal na hom gesoek?** (1)

a. Mense van die gemeenskap.
b. Sy ouers.
c. Sy ouers, polisie en mense van Boshoek.
d. Die polisie.

**1.4 Wanneer het die seuntjie verdwyn?** (1)

a. Maandag
b. Saterdagmiddag
c. Sondag
d. Saterdagoggend

**1.5 Wat het hy aangehad?** (1)

a. Plakkies en ‘n groen T- hemp.
b. Tekkies en ‘n bruin T- hemp.
c. Swart trui, groen broek en tekkies.
d. Rooi T- hemp, bruin broekie en tekkies.

**1.6 Waar het hulle hom gevind?** (1)

a. Onder ‘n boom.
b. Langs die pad.
c. In die veld.
d. Agter hulle huis.



1.7 Wat is die seuntjie, van die leesstuk, se naam? (1)

_______________________________________________________________

1.8 Hoe oud was die seuntjie, waarvan gepraat word in die leesstuk? (1)

_______________________________________________________________

1.9 Deur wie is die leesstuk geskryf? (1)

_______________________________________________________________

1.10 Skryf 'n woord uit par. 3 neer wat die seuntjie se voorkoms beskryf. (1)

_______________________________________________________________

1.11 Verduidelik in jou eie woorde hoe jy dink die seuntjie gevoel het? (2)

_______________________________________________________________

_______________________________________________________________

**Kyk weer na die artikel en beantwoord die volgende vrae**

1.12 Omkring die **korrekte spelling** van die volgende woorde: (2)

1.12.1
a. kleeter
b. kleuter
c. kleutter
d. cleuter

1.12.2
a. poliesiemanne
b. polisiemane
c. polisiemanne
d. policiemanne

1.13 Skryf die **teenoorgestelde** van die volgende woorde neer. (2)

a. meisie: ___________________________

b. tannie: ___________________________



1.14 Skryf die **verkleinwoorde** van die volgende woorde neer:

a. hemp- ______________________________

b. broek- ______________________________ (2)

1.15 Gee die **meervoude** (*plurals*) van die volgende woorde: (2)

| ***Voorbeeld (example)***<br><br>***hond*** | ***Voorbeeld (example)***<br><br>***honde*** |
|---|---|
| tekkie | |
| jaar | |

1.16 Rangskik die volgende woorde oor in **alfabetiese volgorde:**

boom, vuil, oom, Boshoek, ouers, klein

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (6)

1.17 Gee die **intensiewe vorm** (*intensive form*) van die volgende woord: (2)

| ***Voorbeeld (example)***<br><br>***hard*** | ***Voorbeeld (example)***<br><br>***kliphard*** |
|---|---|
| donker | |
| rooi | |



1.18 Gee die **vroulike vorm** (*gender*) van die volgende woord: (2)

| ***Voorbeeld (example)*** <br><br> ***man*** | ***Voorbeeld (example)*** <br><br> ***vrou*** |
|---|---|
| seuntjie | |
| oom | |

**Totaal Afdeling A: 30**

**<u>Afdeling B: Taalstrukture en -konvensies:</u>**

2.1 Skryf die volgende sin oor en vul die regte **hoofletters** en **leestekens** in.

hy het net ‘n rooi T hempie bruin broekie en sy tekkies aangehad toe hy verdwyn het

______________________________________________________________

______________________________________________________________(4)

2.2 Skryf die sin in die **verlede tyd (past tense).** (1)

2.2.1 Hulle **soek** deur die nag na hom.

______________________________________________________________

2.3 Skryf die sinne in **toekomende tyd (future tense)**. (2)

2.3.1 Hy **dra** ‘n rooi T- hemp, bruin broek en tekkies.


______________________________________________________________

______________________________________________________________

2.3.2 Hulle **kry** hom onder ‘n boom.

______________________________________________________________

______________________________________________________________



2.4 **Verbind** die twee sinne met die woord tussen hakkies. (2)

2.4.1 Hy was van Saterdagmiddag af weg. Baie mense het na hom gesoek. ***(maar)***

__________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________

2.4.2 Hy was vuil en honger. Hy was vir vyftien ure alleen en sonder kos. ***(want)***

__________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________

2.5 Onderstreep die korrekte **voornaamwoord:** (3)

2.5.1 **Hy/ Sy** was sowat vyftien uur lank weg.

2.5.2 **Haar/ Sy** ouers en mense van Boshoek het na **hom/ haar** gesoek.

2.6 Lees die volgende sinne en onderstreep die korrekte **werkwoord**: (3)


2.6.1 Haai, Oom, **gaan/ kom** hier.

2.6.2 Baie mense het na hom **gevra/ gesoek**.

2.6.3 Toe hulle hom **gekry/ verloor** het, was hy vuil en honger.

**Totaal Afdeling B : 15**

**Groottotaal : 45**



**Geniet die vakansie!**